NEDERDUITSE GEREFORMEERDE KERK
DUTCH REFORMED CHURCH

Posbus/PO Box 13528
HATFIELD 0028 SA
Tel +27 (0)12 342 0092 Fax +27 (0)12 342 0380
algemenesinode@ngkerk.org.za www.ngkerk.org.za

5 April 2010

PERSVRYSTELLING NA AANLEIDING VAN DIE MOORD OP MNR EUGENE TERRE'BLANCHE

Die moord op die AWB-leier, mnr Eugene Terre'Blanche, het groot nuusgolwe binne en buite Suid-Afrika gemaak. Voor- en teenstanders van die standpunte van Terre'Blanche keur sy wrede, weersinwekkende moord af.

Sulke optrede teen openbare figure, wat die motief ookal mag wees, lei nie tot oplossings nie. Dit verhoog die spanning tussen mense in Suid-Afrika en vergroot die kloof tussen verskillende radikale en minder radikale groepe.

Die moord op Terre'Blanche beklemtoon andermaal die noodsaaklikheid dat:

- die reg, wet en orde in Suid-Afrika gehandhaaf word. Vreedsame skikkings en 'n effektiewe staatsapparaat wat die Bybels-verantwoorde regte van mense beskerm, is onontbeerlik. Sulke regte is onder andere die reg op lewe, op 'n verantwoordelike vryheid van spraak en die reg op 'n gefundeerde, onderlinge meningsverskil;
- emosionele liedere en slagspreuke wat rassespaning verhoog nie deur die land bekostig kan word nie. President Zuma se beroep op kalmte en wetsgehoorsaamheid word verswak deur sy skynbare onvermoë of weiering om Julius Malema hieroor vas te vat. Sy belofte tydens die onlangse ete met Afrikanerkultuur- en kerkleiers om aan hierdie saak aandag te gee, het net mooi niks opgelewer nie;
- geweldsmisdaad, of dit nou polities gemotiveer word of nie, uitgeroei moet word. Dit is ironies dat 'n menselewe soms so min werd is in 'n land waarin die doodstraf afgeskaf is;
- Suid-Afrikaners 'n hartsverandering nodig het. 'n Hartsverandering wat alleen deur God en sy Woord bewerk kan word.

Prof Piet Strauss – Moderator NG Kerk (0825573414)
Dr Kobus Gerber – Algemene Sekretaris NG Kerk (0828955680)